

Liturgie vir 'n Kerssangdiens

Tema: *Jesus is die Lig!*

Algemene opmerkings:

- Hierdie is net 'n raamwerk en sou aangepas kon word om by julle gemeente te pas
- Die plek waar liedere gesing word tussen teks-lesing is nie krities nie, mens sou minder liedere kon sing en die lees-gedeeltes langer kon maak. Behou die storie-lyn.
- Indien julle nie 'n koor het nie, pas mens die liedere aan dat die gemeente dit kan sing.
- Bybelteks in **rooi** word deur 'n dame gelees. Bybelteks in **blou** deur 'n man. Die voorganger lees die storie.
- Teks deur: Ds Annelize de Wet

Klokkespel

Koor: Halleluja

Gen.1:1-3: *In die begin het God die hemel en die aarde geskep. Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef. Toe het God gesê: "Laat daar lig wees!" En daar was lig. God het gesien die lig is goed, en Hy het die lig en die donker van mekaar geskei. - Hy het die lig en donker van mekaar geskei...(EGGO!)*

Gemeente sing: Loof heel die skepping, loof die Heer (L456:1,3) Staande

1 Johannes 1:5: *Dit is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie.*

Psalms 82:5: *...maar julle weet niks, julle verstaan niks, julle gaan eenvoudig in duisternis voort, en so word die fondamente van die wêreld geskud*

Die wêreld leef in duisternis: PRENTJIES VAN SIEKTE, SONDE, GEWELD...SEER...ENS.

Oor al die eeue heen het die wêreld uitgeroep na 'n Verlosser – die duisternis het die Lig nodig

Mannekoor sing: Herders in die veld (Of: Lied 329 of 331 Want so lief het God...)

Matt.1:20-21: *'n engel van die Here in 'n droom aan Josef verskyn en gesê: "Josef seun van Dawid, moenie bang weesom met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees. Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."*

Koor: Ges 103 O, die goeie tyding

Ja, hierdie Jesus sou Lig word in 'n wêreld vol duisternis! Hy sou die Een wees wat sondes vergewe en lewe bring vir die wat glo! En hoe anders as deur 'n lig in die hemel ('n ster) is die geboorteplek van die Verlosser aangewys!

Light of the world (meisie met kersie sing dit) – gemeente kan moontlik die koor gedeelte saam sing!

Gemeente sing: stille nag Lied 348:1,2,3 Bly sit

Gebed

Koor sing: Hosanna in die hoogste

Maar soos julle weet het die duisternis reeds met Jesus se geboorte probeer om die Lig uit te doof, toe Herodus opdrag gegee het dat al die seuntjies onder 2 jaar doodgemaak moet word. Maar God se plan was LEWE en het gesorg dat geen poging van die duisternis die ewige Lig doodmaak nie!

Gemeente sing: - Somerkersfees L358:1,2,3 Staande

- Kom alle getroues L345:1,2,3

Mens sou dink dat die geboorte van die Messias 'n duidelike verandering in die mensdom se bestaan sou maak, maar hierdie blye dag het soos 'n gewone ander dag vir die grootste deel van die donker wêreld verbygegaan en vergete geraak. Die Lig het na die wêreld toe gekom, maar steeds het mense in duisternis geleef.

Koor sing: Die Heiland is gebore ('n paar van hulle kersies brand)

Johannes 3:19: *...die lig het na die wêreld toe gekom, en tog het die mense eerder die duisternis as die lig liefgehad, want hulle dade was sleg.*

WYS WEER PRENTJIES VAN SONDE AAN DIE DUISTERNIS KANT.

Ons ken egter die res van die verhaal – hoe die Lig tussen mense kom woon en leef. Hoe mense blind was vir Wie Hy is. Dit sou dwaas wees om te dink die Lig is slegs 'n baba in 'n krip, want hierdie Koning is veel meer as dit!

Gemeente sing: Herders op die ope velde (L364:1,2,3) bly sit

Johannes 1:4: In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense.

Johannes 9:5: Terwyl Ek in die wêreld is, is Ek die lig vir die wêreld.

Johannes 12:46: **Jesus sê:** Ek het as die lig na die wêreld toe gekom, sodat dié wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie.

1 Johannes 2:9: As iemand beweer dat hy in die lig is, maar hy haat sy broer, is hy nog steeds in die duisternis.

“BE BORN IN ME” BEGIN SPEEL TERWYL VOORGANGER DIE VOLGENDE LEES: (DANSER KAN OP BEWEEG, MAAR EERS BEGIN DANS WANNEER DIE WOORDE GESING WORD) (CD: The Story disk 2:1)

Ons behoort vandag ook 'n tweede geboorte te vier – die geboorte van Jesus in my lewe! Want sê... Jesaja 60:2: *Daar is donkerte oor die aarde, duisternis oor die nasies, maar oor jou gee die Here lig, oor jou verskyn Sy magtige teenwoordigheid.* 2000 jaar gelede is Jesus in Bethlehem in 'n stal gebore, sodat die Lig op aarde kon kom woon en wandel, sodat Hy die dood vir ewig kon oorwin en die duisternis kon verdryf. Maar is jou hart 'n Bethlehem? Woon en wandel Sy Gees in jou en skyn Sy lig deur jou? Johannes 3:20-21: *Elkeen wat kwaad doen, haat immers die lig en kom nie na die lig toe nie, sodat sy dade nie aan die kaak gestel moet word nie. Maar wie volgens die waarheid handel, kom na die lig toe, sodat dit duidelik kan blyk dat sy dade in gehoorsaamheid aan God gedoen is.* Here, my Here... word gebore in my...

MET DIE LAASTE DEELTJIE VAN DIE LIED MOET DIE KOOR MET HUL KERSIES NA 'N GROTER KERS TOE LOOP (WAT BY 'N KRUIS STAAN) EN DIT AANSTEEK! (of so iets)

Psalms 90:8: *U sien ons oortredinge raak, U bring die sondes wat ons wou wegsteek, aan die lig.*

Koor sing: Heilig, heilig, heilig (Jacob's Ladder) (Of: Lied 171)

1 Johannes 1:7: *Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde.*

Gemeentesing : Hoor die blye eng'le lied (L365:1,2) staande

Jesaja 30:26: *Dié dag wanneer die Here die wonde van sy volk verbind en die seer plekke genees waar Hy hulle geslaan het, sal die maan so helder skyn as die son en die son sewe maal so helder as die lig van sewe dae saam.*

Dameskoor sing: Hierdie Jesus ... (of: L245 – Ek wat vergifnis Heer...)

Ons weet dat wanneer ons ons sonde bely is die Here getrou en regverdig en vergewe Hy ons. Ons word skoongewas en aan ons word die opdrag gegee om lig te dra!

Efesiërs 5:8: *Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig.*

Romeine 13:12: *Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem.*

Koor sing: Ons het iets te vertel aan die nasies (of: Enige lied met Uitreik tema)

Efesiërs 5:9: *Uit die lig kom alles voort wat goed en reg en waar is.*

Gebed van dankbaarheid

Gemeente sing: Helder skyn U lig vir die nasies (L488:1,2,5) bly sit

Dit is 'n moeilike en groot opdrag, maar die Lig wat in jou hart gebore is verander jou...en gee aan jou die opdrag om Lig te wees vir Hom! Ons Vader is die bron van alle lewe en vanuit hierdie lewe kan ons ook nou lewe...en skyn!

Psalms 36:10: *U is die bron van die lewe, deur u lig lewe ons.*

Psalms 89:16: *Dit gaan goed met die volk wat kan jubel tot u eer, wat in U lig lewe, Here*

Koor sing: Hosanna in die Hoogste

Vir solank as wat ons nog in hierdie gebroke wêreld leef sal die duisternis die lig probeer uitdoof, maar ons hoop, ons vaste wete is dat die Ewige Lig van Jesus reeds oorwinning behaal het. En daarom sien ons uit om eendag saam met Hom in die stad van lig te woon! Waardig, waardig is die een wat op die troon sit...die Lam, die Leeu, die ewige Lig!

Gemeente (en koor) sing: Ere aan God (L367) staande

(Sodra begin sing gaan al die ligte aan)

Seën!